[1]ONS VERHOUDING MET DIE HERE
DIE KONTEKS
Vertrou op God se sorg
19 Maart 2006, Ds Freddie Schoeman

Verlede week het ons gekyk na die [2]basis / fondament van ons verhouding met die Here, nl. sy onvoorwaardelike liefde en genade. Ons verhouding met die Here word van begin tot einde omvou deur die Here se liefde vir ons. Dit is stabiel, onveranderlik en onwankelbaar - juis omdat dit onvoorwaardelik is.

Nou kom ons by die *boustene* van ons verhouding met die Here. [3]Die eerste bousteen is *gemeenskap*. Dit is die *konteks* van ons verhouding met die Here. Ons verhouding met die Here is nie 'n private oefening wat ons op eie doen sonder ander mense nie. Wanneer Jesus ons leer bid dan leer Hy ons om te bid: "*Ons* Vader in die hemel", en "Gee *ons* vandag *ons* daaglikse brood."

In Efesiërs 2:19 skryf Paulus [4]:

> *19 Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en <u>lede van die huisgesin van God.</u>*

Dit beteken dat ons deel is van 'n huisgesin met broers en susters óm ons en met die Here as ons Vader - 'n Vader wat omgee, wat sorg en op wie ons kan vertrou.

Volgende kwartaal, wanner ons fokus op ons verhouding met mekaar, gaan ons in meer besonderhede nadink oor die onderlinge verhouding tussen ons en ons broers en suster. Vanoggend gaan dit spesifiek oor die Vader van die huishouding - en meer spesifiek oor sy sorg en trou.

Iemand[1] wat baie navorsing gedoen het oor pa's en hulle kinders het 'n lys saamgestel van die dinge wat pa's die meeste vir hulle kinders sê - in volgorde van voorkoms [5]:

- -> Eerste op die lys was: "Ek is te moeg."
- -> Tweede op die lys was: "Ons het nie genoeg geld nie."
- -> Derde op die lys was: "Bly stil."

Baie mense beleef God só. 'n God wat onbeskikbaar is, 'n God wat nie help nie, 'n God wat nie kán help nie.

Ons beleef God so veral wanneer die donker tye in die lewe kom, wanneer dit lyk asof ons dit nie gaan maak nie.

Wanneer die volgende dinge gebeur:

- Tragedie
- Trauma
- Siekte
- Kroniese pyn
- Finansiële terugslae
- Werk / bron van inkomste verloor
- Kinders / Ouers in die nood is
- Slagoffers word van misdaad

... begin ons regtig wonder: wáár is God? Kan hy nie help nie - of wil hy nie help nie? Hoekom gebeur hierdie dinge?

Habakuk, die profeet beleef iets hiervan.

> [2] *[6]Hoe lank moet ek om hulp roep*
> *voordat U hoor, Here,*
> *moet ek by U bly kla oor geweld*
> *voordat U red?*
> [3] *[7]Waarom laat u my die onreg sien*
> *wat gedoen word,*
> *waarom kyk U toe as daar*
> *soveel ellende is?*
> *Oral rondom my is daar*
> *onderdrukking en geweld,*
> *en word daar getwis en gebaklei.*
> [4] *[8]Die wet het nie meer krag nie,*
> *en daar geskied nie meer reg nie.*
> *Slegte mense het die oorhand*
> *oor die goeies,*
> *en so word die reg verkrag.*(Hab 1:2-4)

Dit lyk asof Habakuk iewers vanoggend se koerant in die hande gekry het!

Ons vra ook: "Hoe lank nog?" Dis asof die Here maar net toekyk en alles sien wat gebeur maar Hom doof hou vir die hulpkrete van sy kinders en Hom onttrek uit hulle lewens uit.

Ons hoor die Here sê: "Ek is te moeg / Ek het nie geld nie / Bly stil."

Hoe hanteer Habakuk hierdie situasie? Wat doen die profeet? Dit is opmerklik dat Habakuk nie sy rug op die Here draai nie. Hy sê nie: "Wel dit lyk asof die Here van my vergeet het en nou wil ek niks meer met Hom te doen hê nie."

Ons lees in die begin van hoofstuk 2 dat Habakuk na die Here toe gaan om te gaan luister en te gaan wag totdat die Here hom antwoord. [9]

> *Ek wil op my uitkyktoring gaan staan,*
> *my plek op die vestingmuur gaan inneem,*
> *ek wil wag om te verneem*
> *wat die Here vir my sal sê ...*
> (Habakkuk 2:1a)

En dan gebeur dit ook. Die Here *antwoord* Habakuk. Die hele res van hoofstuk 2 is dan die Here se antwoord. Hy stel hom gerus. "Moenie bekommerd wees nie Habakuk", sê die Here. "Ek sien wel raak wat gebeur en Ek sien die skade wat mense teenoor ander mense doen. Ek sal wel op my tyd en op my manier ingryp. Reg sal geskied. Wat jy moet doen is om jou vertroue in **My** te plaas en nie in afgode en dinge wat nie in staat is om jou te help nie."

Die Here wil *dit* vandag ook vir óns sê.

Kan jy nog die drie dinge wat pa's die meeste vir hulle kinders sê onthou? Ek's te moeg; ons het nie genoeg geld nie; bly stil? Die Here sê dit nooit vir ons nie - inteendeel! Wat sê die Here wel vir ons?

Die Here wil vir ons sê: [10]

- -> "**Ek is nooit te moeg om jou te help nie.** Inteendeel, Ek gee vir jou nuwe krag. Ek staan jou by. Ek los jou nooit nie.

- -> "**Ek gee altyd vir jou wat jy nodig het.** En ek weet wat jy in elke situasie nodig het en Ek voorsien graag in jou behoeftes. As jy wysheid nodig het - gee Ek dit. As jy kalmte nodig het - dan gee Ek dit vir jou. As jy brood nodig het - dan gee Ek dit vir jou."

- -> "**Ek is altyd beskikbaar om te luister.** Jy hoef nie stil te bly nie. Jy kan maar jou hart uitpraat. Jy hoef nie terug te hou.

Jy kan maar vir my sê as jy vir my kwaad is. Ek sal jou nie straf nie, ek sal jou nie kwalik neem nie, ek sal jou nie verwyt nie."

In hoofstuk drie kry ons die antwoord / reaksie van die profeet.

Habakkuk 3:2-6 [11]

2 Here, ek het gehoor wat van U
vertel is
en ek is vervul met ontsag
vir wat U gedoen het.
...
3 ... Die hemelruim is vol van sy majesteit,
die aarde vol van sy roem.
4 Hy kom met die glans van die lig,
weerligte blits uit sy hand,
sy hand so vol mag.
...
6 Wanneer Hy staan, skud die aarde;
wanneer Hy kyk, bewe die nasies.

Habakuk erken en bely dat die Here groot is en dat Hy almagtig is. Hy plaas sy volle vertrou in Hom.

Wat beteken dit om jou *volle vertroue* op die Here te plaas? Dit beteken dat ons partykeer nie ons oë moet glo nie. Ons moet nie glo wat ons sien nie.

Die oog is baie onbetroubaar. Dis een van ons onbetroubaarste sintuie. Optiese illusies is algemeen. (Sien die webwerf: http://www.michaelbach.de/ot/) [12]Tel gou die swart kolletjies op die hoeke van die blokkies in die onderstaande prentjie:



Jy sal gou besef dat daar nie regtig swart kolletjies is - hoewel jy dit sien! Jou oë bedrieg jou. Jou oë is baie onbetroubaar. Partykeer sien

jy dinge wat nie daar is nie. Maar soms sien ons nie dinge wat werklik daar is nie.

Om God te vertrou beteken dat ons sal glo wat ons nie kan sien nie. Ons noem dit 'n nogtans-geloof.

Habakuk druk dit so uit in die laaste verse van die boek:

> *17 [13]Al sou die vyeboom nie bot nie*
> *en daar geen druiwe*
> *aan die wingerde wees nie,*
> *al sou die olyfoes misluk*
> *en die lande geen oes lewer nie,*
> *al sou daar geen kleinvee*
> *in die kampe meer wees nie*
> *en die beeskrale sonder beeste wees,*
> *18 [14]nogtans sal ek in die Here jubel,*
> *sal ek juig in God, my Redder.*
> *19 Die Here my God gee vir my krag.*
> *Hy maak my voete soos dié*
> *van ’n ribbok,*
> *op hoë plekke laat Hy my veilig loop.*
> (Habakuk 3:17-19)

Wat Hy sien is:

- Die vyeboom wat nie bot nie
- Daar's nie druiwe aan die wingerde nie
- Die olyfoes wat misluk
- Die lande wat geen oes lewer nie
- Daar's nie kleinvee in die kampe nie
- Die beeskrale is sonder beeste

Maar dis eintlik net 'n optiese illusie. Wat in werklikheid gebeur is dat die Here krag gee en dat Hy ons in staat stel om ten spyte van gevaarlike lewensituasies anderkant veilig uit te kom. In gevaarlike situasies maak Hy ons voete soos die van 'n ribbok sodat ons op hoë plekke veilig kan loop.

[15]Moenie dat jou oë jou kul of bedrieg nie. Moenie jou oë glo nie. Vertrou op die beloftes van die Here se Woord!

Amen

[1] *Family-life specialists Delmer W. Holbrook and his wife have been lecturing and conducting surveys across America. In a survey of hundreds of children, the Holbrooks came up with the three things fathers say most in responding to their kids.*
"I'm too tired" took first place.
"We don't have enough money" was second.
"Keep quiet" was third. (Cited in Christianity Today , August 27, 1976.)